Bybel vir Kinders

bied aan

Die Verlore Seun



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Lazarus
Vertaal deur: Yvette Brits
Aangepas deur: Ruth Klassen; Sarah S.

Storie 45 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Jesus was lief daarvoor om aan die mense van God se vergifnis te vertel. Maar die Jode het gekla oor Jesus se vriendskap met die sondaars.

1

Daarom het Jesus drie stories vertel om te wys waarom God bly is as die sondaars jammer is oor hul sonde.

2

Die eerste storie was oor 'n man met honderd skape.

Een het weggeraak.

3

Dadelik het die skaapwagter die nege-en negentig skape alleen gelaat

en na die verlore skaap gaan soek.

4

Die skaapwagter het gesoek en gesoek totdat hy die skaap gevind het. Daarna het hy hom op sy skouers gesit en hom blymoedig huistoe gedra.

5



Hy vertel sy vriende, "Wees saam met my bly, want ek het my verlore skaap gevind!"

6

Jesus verduidelik dat daar groot vreugde in die hemel is as een sondaar berou het. Om berou te hê vir ons sonde beteken om jammer genoeg te wees om te stop.



7

Jesus se volgende storie was oor die vrou met tien silwer munte, moontlik al haar spaargeld. 'n Vreeslike ding het gebeur sy het een van haar munte verloor.

8

Vee! Vee! Vee! Die vrou het oral gesoek. Uiteindelik het sy die verlore munt gevind. Sy was baie bly. Kan jy raai wat het sy gedoen? Ja, sy het al haar vriende vertel!



9

Weereens het Jesus gesê: "Daar is blydskap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer."

10

Die derde storie wat Jesus vertel het is die treurigste. Dit is van 'n seun wat sy vader se huis verlaat het.

11

In 'n ver land het die seun sy geld op 'n dwase manier spandeer. Wat kan hy nou doen? Om sake erger te maak, was daar 'n hongersnood. Die seun kon van honger doodgaan.



12

Desperaat van honger, het die seun 'n werk gekry om varke te voer. Maar niemand het vir hom kos gegee nie.



13

Hy sou met graagte die varke se kos wou eet. Miskien het hy! Die seun het uiteindelik tot inkeer gekom. "Hy het gedink, selfs by die huis eet die knegte goed."



14



"Ek sal huistoe gaan en my pa vertel dat ek berou het oor my sondes. Ek is nie werd om pa se seun te wees nie. Ek hoop hy sal my huur as 'n kneg."

15

Terwyl die seun nog ver weg was van die huis, het sy pa hom gesien. Vol , blydskap het sy pa na hom toe gehardloop. Hy het hom gesoen en omhels.

16



"Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie." Die seun wil sy pa vra om hom te huur as kneg. Maar sy pa onderbreek hom. Bring die beste kleed, sandale en ring vir my seun. Maak gereed vir 'n groot partytjie.

17

Daar was 'n wonderlike partytjie omdat die verlore seun weer gevind is. Jesus vertel die storie om te wys hoe lief God is om sondaars te ontvang wat bekeer is en teruggekom het na die Vader huis.



18

Die Verlore Seun

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Lukas 15

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!